WOUWTJIE NUUS

LAERSKOOL ANTON VAN WOUW

Donderdag 27 Februarie 2026

# ONS GROET

## MNR. HENRY ALLISON



Met hierdie boodskap neem ons afskeid van mnr. Henry Allison, 'n uiters toegewyde sportbestuurder, wat vir die afgelope vier jaar 'n betekenisvolle rol by Laerskool Anton van Wouw gespeel het.

Henry, jou bydrae tot die sportkultuur van die skool strek veel verder as administrasie en reëlings. Deur jou betroubaarheid, uitstekende organisasie, professionele ingesteldheid en opregte betrokkenheid, het jy verseker dat sport op 'n hoë standaard by Laerskool Anton van Wouw funksioneer.

Jy het met konsekwentheid en integriteit opgetree en was 'n steunpilaar vir personeel, afrigters en die Wouwtjies. Jou vermoë om uitdagings met kalmte te hanteer en oplossingsgerig te werk, het jou 'n gewaardeerde spanlid gemaak.

Ons bedank jou opreg vir vier jaar se harde werk, opoffering en toewyding. Die merk wat jy by Laerskool Anton van Wouw se sport gelaat het, sal nie gou vergeet word nie.

Ons wens jou alles van die beste toe vir die pad vorentoe en vertrou dat jy ook in jou volgende hoofstuk met sukses sal voortgaan.

Met waardering en beste wense.

# Hoe weet 'n ouer wanneer iets aanlyn nie meer "onskuldig" is nie?

Tydens haar besoek op **26 Februarie om 18:00** fokus Emma Sadleir op kuberafknouery, aanlyn grense en die rol wat ouers speel om kinders emosioneel én digitaal te beskerm.

Dis 'n eerlike, relevante gesprek wat ouers help om nie net te reageer nie – maar om voor te bly in 'n vinnig-veranderende digitale wêreld.



# Moedertaaldag

























Tel: 012 460 3024/6181 | Fax: 012 346 4847 | Deystraat, Nieuw Muckleneuk

www.wouwtjies.co.za




# KLASPOSISIES

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | 2V | Juf. Anita | 14 |
| 1 | 3V | Juf. Nell-Mari | 14 |
| 2 | 1Z | Juf. Sarien | 12 |
| 2 | 2X | Juf. Jeanelí | 12 |


FROM THE WILSONS

# JUDO

Baie geluk aan Vihaan Parabhoo en Zak van Zyl, wat uitstekend gevaar het gedurende die Judo Gauteng-Ope.



Zak van Zyl
Goue medalje



Vihaan Parabhoo
Brons medalje

# GOLWE BY MIDMAR

Milly Kriek (Gr. 6) en Paul Marais (Gr. 4) het op 7 Februarie 2026 aan die Midmar-myl. Die grootste oop water swembyeenkoms in die wêreld.

Meer as 9000 swemmers het vanjaar deelgeneem.

Beide swemmers het baie goed geswem en Paul het die myl voltooi in ʻn tyd van 38min 28sek, ʻn hele 8min vinniger as in 2025.

Milly het haar eerste Midmar voltooi in ʻn tyd van 37min 31sek.

Baie geluk aan die swemmers.



Milly Kriek
Paul Marais

# ATLETIEK

Agt van ons atlete het Vrydag aan die Distrikbyeenkoms by Hoërskool Menlopark deelgeneem. Baie geluk met elkeen se prestasies.

- Madelein Havenga tweede plek in hoogspring.
- Robbie Crowther tweede plek in 70m hekkies.
- Pieter van der Merwe derde plek in spiesgooi.
- Johnny van Niekerk derde plek in gewigstoot.
- Christiaan Bosman vierde plek in 80m hekkies
- Mia van der Merwe vierde plek in gewigstoot.
- Hendré Hoon vierde plek in verspring.
- Dameon Grobler sesde plek in verspring.

'n Spesiale geluk aan Madelein Havenga en Robbie Crowther wat gekwalifiseer het om aan die Gauteng Kampioenskappe wat op 6-7 Maart by Hoërskool Menlopark aangebied word, te gaan deelneem.

Baie sterkte!



Madelein Havenga



Robbie Crowther

# TENNIS

Baie geluk aan al die spanne wat die afgelope week deelgeneem het. Geluk aan die volgende spanne:

- Dogters o.11A wen 38-5 teen Generaal Hendrik Schoeman.
- Dogters o.11B wen 23-20 teen Woodhill College.
- Seuns o.11A wen 31-21 teen Pretoria-Oos.
- Seuns o.11B wen 29-26 teen Bakenkop.





# RUGBY EN NETBAL

Wouwtjies se rugby- en netbalseisoen het op Dinsdag 24 Februarie teen Laerskool Kruinsig afgeskop. Dit was baie sterk kompetisie, maar die Wouwtjies het steeds baie goed presteer.

**Rugby**

- o.9B wen 10-5.
- o.10A speel gelykop 5-5.
- o.11A wen 27-10.
- o.11B wen 51-0.
- 2des wen 12-5.

**Netbal**

- o.11C speel gelykop 5-5 teen Kruinsig.
- o.11C wen 6-3 teen Oranjegloed.
- o.12 B wen 6-3 teen Oranjegloed.
- o.10B speel gelykop 4-4 teen Kruinsig.
- o.12A wen 13-10 teen Kruinsig.
- o.10C speel gelykop 2-2 teen Kruinsig.
- o.11D wen 18-1 teen Kruinsig.
- o.12B wen 6-3 teen Oranjegloed.
- o.11B wen 12-2 teen Oranjegloed
- o.11B wen 8-3 teen Kruinsig.












# WAT WOUW jy adverteer?

**LAERSKOOL ANTON VAN WOUW**







# WAT WOUW jy adverteer?

LAERSKOOL ANTON VAN WOUW









## SKENKINGS VIR KATKOS

Ons voer ongeveer sewe katte op 'n daaglikse basis by die skool. Enige skenkings word baie waardeer.

Katkos kan by die registerklasse ingehan-dig word, vir aandag: Juffrou Hester van Sittert (Naskool).

# KONTAKBESONDERHEDE

012 460 3024/6181

@wouwtjiewees

www.laerskoolantonvanwouw.co.za

Deystraat 356
Nieuw Muckleneuk Pretoria

Belangrike eposadresse:

Hoof:
Me. Odette Klopper
hoof@wouwtjies.co.za

Finansies:
Petro van Wyk
petro@wouwtjies.co.za
Amelia Robberts
ameliarobberts@wouwtjies.co.za

Bemarking:
Marica Botha
bemarking@wouwtjies.co.za

Klerebank en sluitkassies:
Ronèl Benadie
ronel@wouwtjies.co.za

Wouwtjie Naskool (Gr.1-7):
072 205 7137
naskool@wouwtjies.co.za

Pre-Primêr Naskool:
082 410 9070
ppnaskool@wouwtjies.co.za

BL- navrae:
Simoné Wallace
bl@wouwtjies.co.za

Kultuurorganiseerder:
Roché van Blerk
kultuur@wouwtjies.co.za

Sekretaresse & Inskrywings:
Simoné Wallace
simone@wouwtjies.co.za

Sportbestuurder:
Henry Allison
sport@wouwtjies.co.za

Wouwtjienuus: Navrae & Advertensies:
Marelize Swart
marelize@wouwtjies.co.za

Verhuring van fasiliteite:
Marelize Swart
marelize@wouwtjies.co.za

Snoepie Jemima van Nieuwholtz:
082 556 3886
snoepie@wouwtjies.co.za



## Kantoorure:

Ontvangs: 07:00 tot 15:00
Finansies: 07:00 tot 09:00 en 12:00 tot 14:00